

PJ Kriel

22.02.2015

Inhoud Hierdie preek wys wat is die verskil tussen die gesag van Jesus as Christus en Here teenoor die gesag van geestelike en morele leiers. Net Christus sit aan die regterhand van God terwyl geestelikes altyd op die stoel van Moses sit. Christus se gesag is om die las van die wet van God self op Hom te neem en die oordeel en eis om heiligheid self te dra. Geestelikes se gesag is om die wet van God se liefdeseis self op mense te plaas en self die oordeel van liefdeloosheid van hulle te eis. Met hierdie voorbeeld wat hulle stel, bind hulle altyd skuld-, oordeel-, vloek- en verwerpingslaste op hulle volgelinge. Christus verwerp hulle gesag om voorbeelde te wees want hulle vertoon van geestelikheid en moraliteit sal altyd iets anders wees as gehoorsaamheid aan die wet van God en sal altyd 'n uiterlike vertoon wees van simbole waarvan hulle die leermeesters is. Hulle vertoon is nooit gehoorsaamheid aan God se wet nie. Die kerk van die here luister nie net na geestelike rolmodelle nie. Die Kerk van die Here luister onbevange na enige mens, ongeag sy posisie of eie geestelike lewe, indien hierdie persoon wys hoe God se Wet gehoorsaam moet word.

1. Ps. 66:1,3,4

Evangelielesing en genadetoesegging: Matteus 27:35-43

2. Lied 393:2,4

Nuwe Wet en geloofsgehoorsaamheid: Matteus 5:17-20.

3. Ps. 119:7,8

Skriflesing: Matteus 22 en 23

Matteus 22:

"⁴¹Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle: ⁴²"Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?" "Dawid s'n," antwoord hulle Hom. ⁴³Hy sê toe vir hulle: "Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan 'Here' genoem? Hy sê tog: ⁴⁴'Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.' ⁴⁵As Dawid self Hom 'Here' noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?" ⁴⁶Niemand kon Hom daarop iets antwoord nie. Van dié dag af het niemand dit meer gewaag om Hom 'n vraag te stel nie."

Matteus 23:

"Toe het Jesus die menigte en sy dissipels toegesprek ²en gesê: "Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het die gesag om die wet van Moses te vertolk. ³Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie, want hulle doen self nie wat hulle sê nie. ⁴Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie. ⁵Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word. Hulle maak die gebedsband om hulle voorkop breed, en die tossels aan hulle klere groot. ⁶Hulle hou van die ereplekke by die feesmaaltye, en van die voorste plekke in die sinagoges ⁷en om op straat deur die mense begroet en as

Ons as gelowiges gehoorsaam Christus as Here, ons volg nie geestelike leiers na nie

‘rabbi’ aangespreek te word.⁸ “Maar julle moet julle nie ‘rabbi’ laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers.⁹ Moet niemand hier op aarde as ‘vader’ aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel.¹⁰ Julle moet julle nie ‘leiers’ laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus.¹¹ “Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.¹² Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.”¹³ “Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan.”

4. Lied 280:1,2,3

PJ Kriel

22.02.2015

Teks: Matteus 23:3: Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie volg nie.

Tema: Gelowiges gehoorsaam Christus as Here, hulle volg nie geestelike leiers na nie.

1. Moenie goeie en vroom mense se voorbeeld volg nie.

Met hierdie opdrag van die Here bring Hy die finale skeiding tussen die Joodse geestelikheid en die kerk se gehoorsaamheid aan Hom as die Here.

Moenie goeie en vroom mense se voorbeeld volg nie!

Hierdie opdrag van die Here wys die verskil uit tussen

- Sy gesag as Here en hoe Sy gesag aanvaar word, teenoor
- die gesag van die Joodse geestelike leiers, en daarmee alle geestelike leiers van alle spiritualiteite.

2. Christus openbaar die aard van Sy gesag as Here as dat Hy sit aan die regterhand van die Vader, omdat Hy terselfdertyd die seun van Dawid en die Seun van die Vader is.

Hierdie gesag van Christus is die gesag om die Here te wees van die Wet van God.

Teenoor die Here wat aan die regterhand van die Vader sit, sit die geestelike leiers op die “stoel van Moses.”

Dit beteken hulle gesagsposisie is die gesag om die wet van Moses te vertolk.

3. Hierdie botsing wat hier tussen die Here en die Fariseërs plaasvind in die tempel, is die laaste en finale konfrontasie tussen Christus en die Joodse geestelikes. Na hierdie konfrontasie het hulle niks meer vir mekaar te sê gehad nie.

In hierdie konfrontasie wys die Here hoekom hulle Hom nie as Messias wil, of ooit sal, aanvaar nie.

Hulle soek ’n tipe Messias wat die gesag het om die Wet van God uit te lê as die wyse waarop mense regverdig kan word en leef. Dit beteken die gesag om

- die Wet met praktiese en toepaslike reëls as gedragskodes en voorskrifte te kan uitleë;
- die Wet te kan toepas vir gedragskodes vir elke lewenssituasie;
- om wette, reëls en regulasies op te stel hoe om die Wet van God te gehoorsaam;

Ons as gelowiges gehoorsaam Christus as Here, ons volg nie geestelike leiers na nie

- om hierdie voorskrifte met mag af te dwing deur God te verkondig as die Een wat die gehoorsaamheid aan hierdie voorskrifte sal beloon en die oortreding van hierdie wettiese godsdienstige reëls sal straf;
- om namens God hierdie beloning en straf te laat geld op aarde.

Daarom wil hierdie geestelikes hê dat Christus as die seun van Dawid op hierdie stoel moet kom sit – die stoel van Moses.

4. Christus openbaar in hierdie gesprek finaal en onmiskenbaar Sy gesag as Messias volgens die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7:

“Ek sal jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou ’n koningshuis gaan vestig. ¹²Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom ’n bestendige koningskap gee. ¹³Hy sal vir my Naam ’n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. ¹⁴Ek sal vir hom ’n vader wees en hy sal vir My ’n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. ¹⁵Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. ¹⁶Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.”

Christus se gesag is om hierdie verbondsonderneming van God waar te maak. Hy is terselfdertyd die seun van Dawid en die Seun van God die Vader, en Sy gesag is om die kerk van die Here te bou (tempel). Deur Sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding onder die Wet se oordeel, vloek en straf vir sonde, skeep Hy as Here hierdie nuwe gesag as Here.

Hy sit aan die regterhand van God die Vader. Op hierdie “stoel” bind Hy nie vir Sy dissipels volgens God se Wet swaar en ondraaglik laste saam nie. Met hierdie gesag om aan God se regterhand te sit, sit Hy ook nie die swaar en ondraaglike laste van die Wet van God op Sy dissipels se skouers nie.

Met hierdie gesag neem Hy die las van die Wet van God op Homself en dra die las van die Wet van God self in die plek van Sy dissipels, anders as die wat op die stoel van Moses sit en dit saambind en op hulle dissipels se skouers sit.

5. Wat is hierdie swaar las van die Wet van God?

Dit is die skuld, oordeel, vervloeking van verwerping van die Wet van God vir liefde wat misplaas, skeef en verwronge is, aan die eenkant, en die eis van die Wet van God aan die ander kant, dat jy God en jou naaste volgens die eis van die Wet van God, reg en volkome sal liefhê.

Hierdie is die geregtigheid van alle geestelike leiers van alle afgodsdienste wêreldwyd. Hulle bind hierdie laste saam en sit dit op hulle volgelingen se skouers: jy moet die skuld, die oordeel, die vervloeking en verwerping van jou verwronge liefde dra, en dan God en jou naaste weer reg en volkome liefhê.

Dit is die gesag van die “stoel van Moses” – om hierdie las saam te bind en as eis aan hulle volgelingen te stel.

Ons as gelowiges gehoorsaam Christus as Here, ons volg nie geestelike leiers na nie

Jesus Christus sit nie op hierdie “stoel” nie. Hy as Here oefen nie hierdie tipe gesag oor Sy dissipels uit nie.

Hy is die seun van Dawid en die Seun van die Vader. Hy as Here dra as seun van Dawid die skild, oordeel, vloek en verwerping van ons verwronge liefdes op so wyse in Sy lyding, dat Hy hierdie las van ons sonde nooit weer op ons eie skouers sit nie.

Hy as seun van Dawid dra die las van die eis om God en jou naaste reg en volkome lief te hê, sodat Hy hierdie las ook nooit weer op jou skouers sit nie.

6. Daarom beëindig Jesus Christus alle gesag van alle geestelike leiers in alle wêreldse spiritualiteite.

Want geen geestelike leier mag en kan weer die gesag hê om hierdie las van die Wet van God op die skouers van die Here se dissipels te sit nie. Want die Here self, met die gesag wat Hy as die Seun van die Vader het, neem hierdie las van hulle skouers af.

Jesus as Here van die Wet, Seun van die Vader, self God, lei ons met nuwe gesag om anders na die Wet van God te luister. Hy laat ons die Wet van God hoor as ’n wet sonder enige skuld, oordeel, vervloeking of verwerping, en Hy laat ons die Wet hoor sonder die eis om reg en volkome in ons liefde te wees voordat God ons liefde ontvang of Hom daardeur laat verheerlik.

7. Die wyse waarop die Here geestelike leiers se godsdienstige mag verbreek, wys in die opdrag aan ons as kerk teenoor hierdie tipe geestelike leiers: *“Doen en onderhou wat hulle sê, maar moenie hulle voorbeeld volg nie!”*

Hierdie opdrag van die Here aan ons staan in direkte kontras met die geestelikheid van alle spiritualiteite. In die gewone geestelikheid van hierdie wêreld wil ons net luister na mense wat ons respek verdien.

Daarom verklaar ons baie gou-gou dat indien iemand nie ons respek en agting verdien nie, ons gladnie na hierdie persoon se voorskrifte oor wat reg is en wat verkeerd is, luister nie.

In hierdie algemene houding stel ons dan dat wanneer iemand se lewe teenstrydig is met wat hy self voorskryf, dan luister ons nie, omdat hy nie self doen wat hy sê nie.

8. Die Here wys dat dit waar is dat mense wat vir ons sê wat reg en verkeerd is, self nie doen wat hulle sê nie. Al sê hulle wat is reg, doen hulle dit nie, en al sê hulle wat is verkeerd, doen hulle dit self.

Maar die Here kom met ’n totaal nuwe opdrag aan ons as gelowiges:

Ons moet doen wat mense vir ons sê om te doen wat volgens die Wet van God reg is, al doen hulle self nie wat reg is nie. Dit is die gesag waarmee die Here ons vasbind op die “stoel van Dawid”, aan die regterhand van God die Vader.

Wat beteken dit in effek?

Ons as gelowiges gehoorsaam Christus as Here, ons volg nie geestelike leiers na nie

Dit beteken dat as 'n dronk pa sy kinders tugtig en tereg wys om nie losbandig te wees nie, dan moet hulle weens hulle verbintenis aan Christus, na hierdie dronk pa luister.

Dit beteken dat as 'n gierige, uitspattige ma haar dogter tugtig en dissiplineer om nie te mag begeer nie, dan moet hierdie dogter uit haar geloof in Christus, luister na hierdie tugging.

Dit beteken wanneer rebelse en ongehoorsame kinders vir ouers daarop wys dat hulle onregverdig is en hulle onbillik behandel, dat hierdie ouers volgens die gesag van die Here, na hierdie kinders moet luister.

9. Maar die Here sê ook nog iets anders. Die Here sê dat ons na hulle moet luister wanneer hulle wys wat die Wet van ons vra, maar ons mag nooit hulle voorbeeld volg terwyl ons na hulle luister nie.

Ons moet hierdie opdrag goed verstaan. Hierdie opdrag beteken ons mag nooit na enige geestelike voorbeelde en geestelike rolmodelle soek nie.

Wat beteken dit?

Kom ons kyk weer na hierdie algemene vroomheid in ons gemeenskap: “Ek luister na hulle wat self doen wat hulle vir my sê om te doen.”

Waarna soek ons met hierdie ingesteldheid dat ons net luister na hulle wat doen wat hulle self voorskryf?

Ons soek mense wat alles reg doen soos wat hulle self voorskryf!

Wat sê die Here oor hierdie verwagting in ons oor geestelike voorbeelde en rolmodelle?

Daar is nie sulke mense nie.

Daar is drie redes wat hier wys hoekom daar nooit sulke mense is, of sal wees nie:

9.1 Want die vertoon van geestelikheid deur mense wat hulle voorhou as rolmodelle, sal altyd iets anders wees as die gehoorsaamheid wat die Wet van God eis. In Matteus 15:5 stel die Here dit só: *“So ontnem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike.”* Mense is altyd rolmodelle van menslike geestelike gebruike. Die Wet van God is sonder enige geestelike oorgelewerde gebruike van hoe jy tot bekering moet kom, hoe jy geesvervuld moet wees en hoe jy God moet liefhê, helder en duidelik. Menslike rolmodelle verdraai die gesag van die Wet tot iets anders as wat God werklik in Sy Wet eis.

9.2 Die vertoon van geestelikheid word hier deur die Here gedemonstreer deur die dra van die Wet as 'n amulet op die voorkop of regterhand. Met hierdie Wet, wat nou eintlik niks anders as geestelike versiering soos juwele is nie, soek geestelikes mag oor hulle volgelinge. Hulle het nou die mag om jou te wys hoe verkeerd dra jy die

Ons as gelowiges gehoorsaam Christus as Here, ons volg nie geestelike leiers na nie

Wet en hoe reg dra hulle die Wet. Met hierdie uiterlike vertoon van simbole word hulle dié wat die mag het om die simbole te verduidelik en voor te skryf.

9.3 Met hierdie voorbeeld wat hulle stel, bind hulle altyd skuld-, oordeel-, vloek- en verwerpingslaste op hulle volgelinge.

In hulle voorbeeld moet jy jouself altyd vind as nog nie reg nie, nog nie goed genoeg nie, en nog altyd verkeerd en onvolkome in jou liefde vir God, terwyl hulle dit regkry en reg doen.

Daarom kom die Here en sê daar is gewoon net geen mense wat hiervoor vir ander 'n voorbeeld en rolmodel kan wees nie. Daarmee beëindig die Here die hele wêreldkultus van geestelike leiers met volgelinge wat hulle voorbeeld navolg.

10. Wat doen die Here met ons wanneer Hy ons met Sy nuwe gesag, om aan die regterhand van die Vader te sit as die Een wat self ons laste dra, op hierdie wyse vasbind:

- luister na almal wat die Wet van God reg voorskryf, al is hulle nie voorbeelde van wat hulle sê nie, en
- jy mag nooit geestelike voorbeelde soek nie.

Daarmee bind die Here ons aan elke mens wat wys en sê wat die Here se Wet van ons vra. In die nuwe gesag van die Here as Seun van Dawid, is daar nie meer spesiale mense wat sê wat God wil hê ons moet doen nie. Elke en enige mens wat sê wat God se Wet vra, moet na geluister word.

Christene wat werkgewers is, moet luister na hulle arbeiders wanneer hulle arbeiders die Wet van God uitwys en wys wat reg en verkeerd is.

Christene moet luister na 'n korrupte en slegte president en amptenare wanneer hulle 'n beroep doen dat ons moet doen wat God se Wet vir ons sê om te doen.

En dieselfde geld vir slegte ouers en slegte kinders.

Elke mens, gehoorsaam en ongehoorsaam, gelowig en ongelowig, sleg en goed, kan nou op die stoel van Moses sit. Hierdie gesag behoort nie aan die wat voorbeeldig volgens gemeenskapsopvatting leef nie.

Hoe anders?

Hoe sal 'n gemeenskap, kerk, gesin en land lyk waar mense met hierdie houding Leef: "Ons luister net na hulle wat doen wat hulle sê". Die Here self wys daar is nie sulke mense nie. Met hierdie houding is ons verdoem tot anargie, terwyl ons in hierdie anargie gelei word deur geestelike leiers volgens hulle eie begeertes.

11. Die Kerk van die Here luister onbevange na enige mens, ongeag sy posisie of eie geestelike lewe, indien hierdie persoon wys hoe God se Wet gehoorsaam moet word.

Ons as gelowiges gehoorsaam Christus as Here, ons volg nie geestelike leiers na nie

Ons luister onbevange, want ons dra geen swaar laste nie, en reageer daarom ook nie as mense wat die Wet van God as 'n swaar las moet dra nie.

Ons dra nooit die straf, oordeel, vloek of verwerping van ons eie sonde nie, nog minder die eis om eers in liefde volkome en reg te wees voor ons liefde vir God aanvaarbaar is.

Daarom hoor ons die eis van God as 'n ligte las en juk wat sag is, en kan en wil ons dit dra soos enigiemand dit vir ons uitwys.

Ons wag nie vir mense wat die morele hoë grond het om met hulle voorbeeld ons te veroordeel en te beskuldig, sodat ons hulle swaar laste moet dra nie.

Die Here het ons gewys daar is nie sulke mense nie, wat nog van geestelike leiers!

Kom ons luister na die Here op die troon van Dawid, en breek met die ongeloof dat daar iemand besonders op die troon van Moses sit!